



Kry die regte opleiding saam met WegRy

Het jy geweet jy kry sertifikate in veldry? Het jy geweet toekomstige wetgewing kan vereis dat jy dalk 'n basiese kwalifikasie sal moet hê as jy op jou eie in 'n ekologies sensitiewe gebied wil gaan ry? Jy kan hierdie opleiding nou kry by die WegRy-4x4-Akademie, in samewerking met die African Off-Road Academy.



Kyk vir my. By die WegRy-4x4-Akademie sal die geakkrediteerde instruktors en moderators van die African Off-Road Academy jou op die regte pad hou.

Jy het pas jou eerste 4x4 gekoop, maar jy's onseker hoe om dit te gebruik. Of jy't dalk al 'n paar hardebaard-4x4-roetes voltooi en 'n sertifikaat ontvang, maar is onseker of dit gaan voldoen aan die vereistes om jou 4x4 wettig te gebruik.

Van vandeemaand af bied die nuwe WegRy-4x4-Akademie 'n basiese veldrykursus aan in samewerking met die African Off-Road Academy (AOA).

Die AOA het gekwalifiseerde instruktors

en assessors wat geakkrediteerde 4x4-opleiding oor die hele Suid-Afrika aanbied.

Die vaardigheidsontwikkelingsowerheid vir vervoer (Teta) en Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (Sako of SAQA) hou dus 'n oë oor die gehaltebeheer.

Die belangrike ding is dat jou sertifikaat meer werd sal wees as 'n rofstoei-gordel; dit sal geakkrediteer wees én jy kry krediete op die Nasionale Leerderrekordbasis. Dit beteken dat dieselfde ouens wat hulle tjappie op ma-

triëksifikate en ambagte sit (Sako), ook jou kwalifikasie sal erken.

Wat behels die opleiding?

Die basiese kursus (US 254135) word oor twee dae aangebied. Op die eerste dag word 'n hele klomp interessante teorie behandel oor veldry en 4x4-voertuie – van die verskil tussen 'n 4x4-bakkie en 'n vierwiel-aangedrewe platkar tot wanneer jy 'n ewenaarslot moet gebruik en hoe jy die regte banddruk vir die regte terrein kies. Jy sien ook praktiese demonstrasies wat selfs kenners se oë sal laat rek.

Jy leer boonop hoe belangrik dit is om nie soos 'n paloeka te ry en die hele ekostelsel flinters te trap nie.

Dis belangrik om te verstaan dat hierdie die eerste opleidingsvlak is. As jy laas week 'n Pajero gekoop het en vandeeweek die kursus doen, gaan jy nie volgende week die Kongo in die nat seisoen kan aandurf nie. Die doel hiervan is om jou aan die beginsels en begrippe en basiese tegnieke van die veldrywêreld bekend te stel en seker te maak jy het dit onder die knie voor jy die gevorderde kursus aanpak.

Jy sal onder meer leer hoe jou ryding in-mekaarpas, wat woorde soos naderings-, vertrek- en oorbruggingshoek beteken en hoe jy dit op jou voertuig meet.

Op die tweede dag van die opleiding gaan jy met jou eie voertuig veld toe.

Toe WegRy se personeel die kursus gedoen het, het ons die Klein-Helderberg-4x4-roete naby Stellenbosch gaan ry. Die assessors en instruktors is tydens die roete voortdurend besig om jou raad te gee en evalueer om te sien of jy die basiese opleiding verstaan.

Nadat jy die roete voltooi het, moet jy formele assessering ondergaan, wat 'n praktiese assessering en geskrewe eksamen insluit voor jy jou sertifikaat ontvang. Dit toets jou begrip van die leermateriaal en jou 4x4-ryvaardighede.

As jy veldry saam met jou mieliepap ingekry en na die instruktors geluister het, behoort die toets jou nie slapelose nagte te gee nie. En selfs al is dit jou eerste 4x4-ervaring en jy let op in die klas, behoort die toets poeding te wees.

Wat beteken akkreditasie?

Toe die destydse minister van omgewingsake Marthinus van Schalkwyk die 4x4-gemeenskap mooi laat verstaan het dat hy 4x4's uit ekologies sensitiewe gebiede gaan verban soos van die strande af, het die Nasionale Veldrywerkgroep (NVW of NOW) self vanuit die gemeenskap ontstaan.

Die oogmerk was om uiteindelik 4x4-ryery vanuit die gemeenskap self te reguleer. 'n Stel reëls, die Konsepsnorme en -standaarde, is opgestel en deel daarvan is die beginsel van sogenaamde geakkrediteerde opleiding.

Dit beteken dat opleiding landwyd van dieselfde standaard moet wees. Voor die ontstaan van die NVW kon enige ou wat voel hy het die kennis en tyd 'n veldryskool oopmaak en jou alles leer wat hy weet.

As jy só 'n kursus voltooi en die sertifikaat gekry het, beteken dit nie noodwendig dat jy minder kennis het as iemand wat 'n geakkrediteerde kursus voltooi het nie, maar jy't nie 'n sertifikaat soos 'n matrieksertifikaat wat deur almal erken word nie.

Die akkreditasie is gelykstaande aan vier krediete op Vlak 3 van die Nasionale Leerderrekordbasis. Dit is vir die basiese opleiding (eenheidstandaard 254135). Sodra jy die basiese opleiding voltooi het, kan jy ook die gevorderde veldry-opleiding (eenheidstandaard 254154) deur die WegRy-4x4-Akademie voltooi.

Hoe weet jy iemand is geakkrediteer?

Geakkrediteerde verskaffers sal 'n Teta-akkreditasienommer hê. Die African Off-Road Academy se Teta-nommer is TETA 09-201.

Die AOA het op 31 Julie 2011 volledige akkreditasie ontvang.

As jy wil vasstel of 'n opleidingsinstelling wel geakkrediteer is, beveel Tinus Botha, eienaar van die AOA, aan dat jy die Teta-registrasienommer gaan soek op Google.

Jy behoort dan vas te stel aan wie die nommer behoort en ook watter eenheidstandaard- (Unit Standard) kursusse hulle aanbied.

By die opleiding wat die AOA aanbied, moet daar minstens twee mense teenwoordig wees wat geakkrediteer is om die kursus aan te bied.

Die een sal 'n assessor wees en hy sal 'n Teta-ASSR-nommer hê. Die ander een sal 'n fasiliteerder wees wat opgelei is om as instrukteur op te tree.

Moenie skrik as daar soms 'n derde persoon, 'n moderator, op die toneel is nie. Sy taak is om om te sien dat die assessering regverdig is en aan die norme voldoen.

Die AOA vereis ook dat daar ten minste een van sy personeellede op Vlak 1 van noodhulp opgelei is.

Die AOA is lid van die South African National Off-Road Trainers Association.

Wat is die African Off-Road Academy?

Tinus het die African Off-Road Academy in 2008 gestig. Die AOA het 36 opleidingsdistrikte met 11 sentrums oor die hele Suid-Afrika. Die AOA het 70 instruktors wat die sentrums bestuur, waarvan 42 professionele 4x4- en toergidse is.



Die WegRy-manier vir jou 4x4-papier



Is jy effens senuagtig oor al die knoppies in jou nuwe 4x4? Of kan jy al 'n paar toertjies met jou wiele doen, maar jy't nog nooit die basiese beginsels geleer nie? Of het jy op 'n plaas met 'n stuurwiel in die hand grootgeword, maar jy't nodig om nou ryvernu op te skerp? Kom doen die inleidende 4x4-kursus by die WegRy-4x4-Akademie. Ons bied 'n uiters professionele kursus aan en jou kwalifikasie is geakkrediteer by die vaardigheidsontwikkelingsowerheid vir vervoer (Teta). As die nuwe 4x4-wet goedgekeur word, sal jy dus gekwalifiseer wees om in ekologies sensitiewe gebiede te bestuur. Die WegRy-4x4-Akademie bied die kursus aan in samewerking met die geakkrediteerde span van die African Off-Road Academy.



	Mei	Junie		Mei	Junie
Gauteng			Mpumalanga		
Johannesburg	12-13	9-10	Nelspruit	26-27	23-24
Oos-Rand (N/S)	26-27	30 Mei-1 Jun	Middelburg	12-13	
Pretoria-Noord	5-6	2-3	Witbank		2-3
Centurion	26-27	9-10	KwaZulu-Natal		
Limpopo			Durban	19-20	30 Mei -1 Jun
Pietersburg	12-13		Zoeloeland	26-27	23-24
Makhado		9-10	Wes-Kaap		
Nylstroom	5-6	23-24	Wynlande/Helderberg	19-20	
Noordwes			Skiereiland		16-17
Klerksdorp	26-27		George	26-27	23-24
Rustenburg		9-10	Oos-Kaap		
Vrystaat			Oos-Londen	19-20	16-17
Bloemfontein	26-27		Port Elizabeth	19-20	16-17
Goudvelde	23-24				

Wat jy moet weet

Koste? Dit kos R1 550 per persoon vir die geakkrediteerde basiese opleiding.

As jy jou man of vrou wil saambring, kos dit R1 050 vir die tweede persoon en julle deel dan die studiemateriaal en handboek.

Hoe bespreek ek? Besoek www.wegry.co.za en klik op die WegRy-4x4-Akademie. Volg die aanwysings en betaal. Jy sal 'n e-pos-bevestiging met verdere inligting ontvang. Al wat jy nou nog moet doen, is om op te daag vir die kursus.

Wat moet ek bring?

Jou eie 4x4

Wat kry ek?

- Studiemateriaal en handboek;
- Sertifikaat wat jou akkreditasiebewys is;
- Koffie, tee en middagete.